
# Jesus is by jou in die vuuroond





**2021-05-09**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**


## Inleiding

Daniël se drie vriende, Sadrag, Mesag en Abednégo beland in die vuuroond omrede hulle weier om neer te val en die koning se goue beeld te aanbid.

Is dit ook miskien waar jy jou vandag bevind – binne in 'n vuuroond?

## Skriflesing

**Dan 3:8-30**





## 1. Staan op teen sonde

- Breek met sonde.
- Breek met dit wat oor jou probeer regeer
- Swem teen die stroom van die vlees



Dan 3:8  Op grond daarvan het tegelykertyd Chaldeeuse manne nader gekom en die Jode aangeklaag.
Dan 3:12  Daar is Joodse manne wat u oor die bestuur van die provinsie Babel aangestel het, Sadrag, Mesag en Abednégo; hierdie manne het hulle, o koning, aan u nie gesteur nie; hulle dien u gode nie en die goue beeld wat u opgerig het, aanbid hulle nie.
Dan 3:13  Toe het Nebukadnésar, toornig en woedend, bevel gegee om Sadrag, Mesag en Abednégo te laat kom. Daarop is die manne voor die koning gebring.

## 1. Staan op teen sonde


- Die koning gee hulle nog'n kans
- Hy vergeet egter wie is God (en wat hy gesê het – Dan 2:47)
- "Turn or burn"



Dan 3:14 En Nebukadnésar het gespreek en vir hulle gesê: Is dit met opset, Sadrag, Mesag en Abednégo, dat julle my gode nie dien nie en die goue beeld wat ek opgerig het, nie aanbid nie?
Dan 3:15 As julle dan nou, sodra julle die geluid van horing, fluit, siter, luit, harp en doedelsak en van allerhande musiekinstrumente hoor, bereid is om neer te val en die beeld wat ek gemaak het, te aanbid, goed; maar as julle nie aanbid nie, sal julle oombliklik binne-in die brandende vuuroond gegooi word, en wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?

## 2. Verklaar redding en trou aan die Here

- Begin dit uitspreek dat God jou gaan verlos uit jou vuuroond.
- Neem outoriteit van jou situasie.
- Maar selfs al sou Hy nie – kies nog steeds om die Here te dien.
- Dit sal jou deur jou vuuroond dra.






Dan 3:17 As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos;
Dan 3:18 maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.

## 3. In jou vuuroond



- Die vyand gaan alles probeer.
- Wil hê jy moet vrees
- Hy gaan wil hê jy moet eerder buig voor sonde
- Staan op vir die Here en bly getrou
- Ironies – die hel gaan 'n ewige "vuuroond" wees……
  (Openb 14:10-11)



## 4. Jou vyande sal vernietig word en beskaamd staan



- Jou vyande sal vernietig word
- Jou vyande sal verskrik wees
- Hulle sal jou kry waar jy binne in die vuur loop!

Dan 3:22 Omdat dan nou die woord van die koning streng en die oond uitermate verhit was, het die vlam van die vuur daardie manne wat Sadrag, Mesag en Abednégo opgeneem het, doodgebrand.
Dan 3:24 Toe het koning Nebukadnésar verskrik geword en haastig opgestaan;



## 5. Daar was 'n 4de Een



- Jesus blus nie die vuur nie, maar sluit by hulle aan.
- Hulle was nie meer gebind nie.
- Jy sal wandel saam met Jesus deur die gevaar in die vlamme.

Dan 3:25 Hy antwoord en sê: Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun.

## 5. Die vyand het geen mag oor jou nie




- Die vuur het geen mag oor hulle gehad nie.
- Geen teken van brand aan hulle nie.
- Begin dit verklaar – vuur het geen mag oor jou nie.

Dan 3:27 Daarop het die landvoogde, die bevelhebbers en die goewerneurs en die raadsmanne van die koning vergader en aan daardie manne gesien dat die vuur geen mag oor hulle liggame gehad en die hare van hulle hoof nie geskroei het nie, en dat hulle mantels geen verandering ondergaan en die reuk van die vuur nie aan hulle gekom het nie.

# 6. Jesus is by jou – aanbid Hom

- Selfs Nebukadnésar het God grootgemaak

Dan 3:28 Daarop het Nebukadnésar gespreek en gesê: Geloofd sy die God van Sadrag, Mesag en Abednégo,



- Jesus is by jou

Psa 23:4 Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.



- Ons God is 'n vuur

Heb 12:29 Want onse God is 'n verterende vuur.

